HTS Drostdy huldig nuwe ASTRO in.

Na jare se droom, beplan en harde werk staan Drostdy se ASTRO trots en glimmend op die oggend van sy amptelike inwyding, 10 Augustus 2018.

Hierdie grootskaalse projek het sy oorsprong gehad in die harte van omgee-ouers, kranige Donkie hokkiespelers en toegewyde hokkie afrigters van die prestiges skool wat reeds vanaf 1903 bestaan.

Tydens ‘n spesiale Begrotingsvergadering in Augustus 2017 is die finale deurslag en toestemming verleen om met die projek te begin toe ‘n vol saal ouers hul steun onomwonde aan die projek verleen het.

Die projekbestuurder, mev. Annamarie Underhay, het die leisels in Oktober 2017 opgeneem en Leon Louw, Strukturele Ingenieur, is deur Synsport – die hoofkontrakteur - aangestel om die planne op te trek. Dit is ingedien by die Departement van Publieke werke in November 2017 en amptelik goedgekeur op 12 Desember 2017.

Die eerste sooi is gespit op 5 Februarie 2018 deur mnr. Arthur Underhay, skoolhoof, en Jacques Marais, toe die Voorsitter van die Beheerraad.

Onvoorsiene oponthoude en ander ooreenkomste wat reeds gesluit was voor die aanvang van die projek het ‘n invloed op die tydsverloop gehad. So byvoorbeeld sou die opwarmingsbaan aanvanklik aan die suidekant geleë wees, maar as gevolg van die groot munisipale pypleiding wat ondergronds verbyloop moes die baan skuif na die Noordekant wat ‘n implikasie op die vordering gehad het.

HTS Drostdy was ook die gasheerterrein van die jaarlikse Cape Epic fietswedren kompetisie en wou nie daardie ooreenkoms breek nie, omdat dit so groot voordeel vir die hele gemeenskap van Worcester en omgewing het.

In Mei 2018 het lang verwagte reën ook in oorvloed opgedaag en verspoelings het ‘n invloed op die plaveisel, wat die baan omring, gehad. Dit moes opgelig en weer gelê word sodat dit stewig en perfek kan wees.

Op 30 Junie 2018 is die pragtige gras-groen turf uitgerol en op 23 Julie 2018 word die eerste wedstryd op die baan gespeel teen Widthchurch van Wallis. Dieo/16 dogtersspan van Drostdy wen die wedstryd oortuigend met 7 doele teen 0.

Die kwaliteit van die veld is deur die *International Hockey Federation* gesertifiseer en is van so hoë standaard dat nasionale spanne daarop kan meeding. Die grootte en kwaliteit van die oppervlak plaas Drostdy in die posisie as die enigste baan in die Boland wat nasionale spanne kan akkommodeer. Die baantipe is spesifiek gekies dat dit ook ‘n watergebasseerde baan kan wees. Drostdy het egter die huidige waterskaarste in ag geneem en besluit om dit te respekteer en gaan dit dus nie onmiddellik so implimenteer nie.

Volgens Micheal Merriweather van Synsport, wat reg oor Suid-Afrika Astro bane oprig, is Drostdy se Astro een van die beste bane in die land. Hy voeg by dat die besonderse ligging en plasing van die baan dit laat uitstaan as ‘n unieke ervaring waarna enige hokkiespeler kan uitsien.

‘n Uiters waardevolle toevoeging is die aangrensende opwarmingsveld wat alreeds gemerk is as miniveld waar spelers die geleentheid sal kry om ook wedstryde te speel.

Hokkiespanne van HTS Drostdy oefen reeds op geskeduleerde tye om hul Astro vaardig te maak. Laerskole word ook genooi om hul oefeninge by Drostdy te laat geskied om jonger spelers die geleentheid te bied om op ‘n baan van so ’n hoë kwaliteit Astro vaardig te raak. By so oefensessie verskaf Drostdy gespesialiseerde hokkievaardigheids afrigting. Talle klinieke word vir die nabye toekoms beplan om die gemeenskap van Worcester te betrek.

Drostdy se hokkieafrigters is almal toegerus om die hoë spoed van Astro hokkie af te rig. Leerders was ook die geleentheid gebied om as skeidsregters opgelei te word in Stellenbosch en hul kwalifikasies te behaal. Hulle het hul amptelike sertifikate ontvang om wedstryde te blaas op Laerskool- en Hoërskoolvlak.

Organiseerders van gevestigde toernooie, asook ander toergroepe het die skool reeds gekontak om toernooie by Drostdy te hou omdat die skool se 4 koshuise en gastekamers so gerieflik, veilig en skoon is. Dit bring natuurlik toeriste, asook ‘n finansiële inspuiting na Worcester se besighede en besienswaardighede in die omgewing – dit is een van Drostdy se oogmerke.

Die Astro maak van Drostdy net nog ‘n groter belewenis en wanneer mens langs die baan sit, omring deur die pragtige berge van ons dorp, kan mens nie help om verder te droom oor wat nog alles by dié uitnemende skool gaan gebeur nie; want by Drostdy werk ons hard daaraan om ons drome vlerke te gee.